# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00 **Tel:** 012 333 4273 **Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za **Facebook:** Pierneef Gemeente
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

## *Vandag (1 November)*

**9:00:** Erediens
**Prediker:** Ds Paullet Grobler
Teks: Josua 3:7-17

**Geen Kinderk, Kategese en Belydenisklas agv skoolvakansie.**

**Die week:**

**4 Nov (9:30):** Bybelstudie
**(18:30):** Bybelskool
**5 Nov (18:30):**Kleingroep

## Baie welkom aan al die besoekers en nuwe lidmate!

Ons hoop jy kuier vandag lekker by ons! As jy meer wil weet oor ons gemeente, of as lidmaat wil inskakel, kan jy gerus na die erediens die INLIGTINGStafel in die voorportaal besoek.

Ons **Verjaardag-gemeenteboekie** sal elektronies beskikbaar wees. Indien jy graag ‘n harde kopie wil hê (R50) bestel gerus een by Steve (072 137 4407). Indien jy reeds bestel het, kan jy dit optel en betaal by die kerkkantoor.

**Spesiale erediens: 10de Maanddankoffer:**

- **Jy kan steeds via EFT ‘n oorbetaling maak by: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845.**

# *Lief en Leed*

**KOM ONS BID VIR:**

- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- Bid asb vir Leon, Rhona Greeff en familie met die afsterwe van Lindie.
- Neels van Schalkwyk wat gediagnoseer is met beenmurgkanker.
- **Bid** dat slagoffers van geweld beskerming sal ontvang en dat hierdie euwel vernietig sal word.
- Kom ons **Bid vir VREDE in ons land**; dat enige rasse-haat, geweld, (in alle vorme) moord, korrupsie en ander negatiewe invloede vernietig en GESTOP sal word, in Jesus Naam vir wysheid en kalmte in die land onder die burgers en besluitnemers.
- Dit is Wêrelddag van Gebed vir die Vervolgde Kerk. Bid asb vir die vryheid.van geloof.
- Woensdag, 4 November is Wêreld Biddag vir kinders. Dra asb hul nood in gebed aan die Here op en dat Hy kragtig in en vir hulle sal werk

***Indien jy 'n behoefte het aan voorbidding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).***

# *Verjaardae vir die week...*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2/11 | Me | Annelize | Buissinne | |
| 4/11 | Me | Jeanne | Du Toit | 082-928 1374 |
| 4/11 | Mnr | Rudi | Pretorius | 082-321 3409 |
| 4/11 | Mnr | Martyn | Schickerling | 083-704 4640 |
| 5/11 | Me | Juanita | Frouws | |
| 6/11 | Mnr | Leon | Botha | 060-508 8992 |
| 6/11 | Ds | Paullet | Grobler | 076-841 1568 |
| 6/11 | Mnr | Francois | Kriel | 083-395 2720 |
| 6/11 | Me | Mara | Snyman | 082-941 1158 |
| 6/11 | Mnr | Chris | Viljoen | 082-333 2856 |
| 7/11 | Me | Roelien | De Jager | 083-926 3428 |
| 7/11 | Mnr | Stefan | De Jager | 083-926 3428 |
| 7/11 | Mnr | Jack | Watson | 082-576 2292 |



# *Raak betrokke...*

Gaan "like" ons Facebookblad! "Pierneef Gemeente"

ngkpierneef.co.za

Stuur 'n sms aan 0768411568 as jy wil deel word van die Gemeente Whatsappgroep

**Gebed vir die lande:** Thailand: Protes-optogte ruk die land die afgelope 3 maande, met 'n oproep aan die regering om te bedank. Tog is God aan die werk. Die "Free in Jesus Christ Church Association (FJCCA)", 'n Thaise beweging wat op evangelisasie aan klein dorpies fokus, het op 6 September 1435 mense gedoop. Die beweging, wat in 2016 in die Boedistiese land begin het en die Bybel as hul enigste gids gebruik, het nou 700 huiskerke. Prys God vir die groei. Bid vir die 75 000 dorpies met 'n Christelike teenwoordigheid. www.tiny.cc/wb43

## Ons hou "Jumble sale" (27-28 Nov) en Veiling (28 Nov)!

Alle skenkings is welkom! Skenk gerus enige van die volgende items wanneer jy weer huis regpak: Klere, skoene, kombuisware, elektroniese toestelle, boeke, en sommer enige iets interessant wat net staan en stof opgaar! Items kan gedurende kantoorure by die kerk afgelaai word.

Skenkings van groter/duurder items is ook welkom vir die veiling.Laat weet asb vir Calla indien daar meubels is wat jy graag wil skenk, ons sal ook kan help om dit op te laai indien dit nodig is. Kontak vir Calla (082 455 2976) in hierdie verband.

**So lyk die program:**

Vrydag (27 Nov): 8:00- 17:00 Jumble sale

16:00-18:00 Wegneemetes

Saterdag (28 Nov): 9:00- 12:00 Jumble sale

"Live" musiek vanaf 9:00

9:00-12:00 Wegneemetes

11:00 Veiling

12:30-15:00 Gemeente kuier (Bring jou Piekniekmandjie of kom koop iets om te eet en kuier saam terwyl ons lekker musiek luister)

Nooi asb almal wat sou belangstel, ook julle huishulpe om 'n draai te maak by ons tweedehandse verkoping!

Laat weet asb vir ds Paullet (0768411568) as jy op enige manier met die verkoping kan help!

## *Voedselprojek (Dorkas se Kombuis)*

Indien jy wil bydra, kontak gerus vir Marlie Janeke (082 331 0591).

Indien jy graag 'n donasie wil maak, hier is die bankbesonderhede:
**Bank: Capitec, Takkode: 470010, Rekeningno.: 1651207613, Naam: M Janeke**

# Gholfdag

Weens sekere regulasies en die onsekerheid van wanneer ons weer in groter groepe saam mag kuier, gaan die Gholfdag (6 Nov) nie op 'n formele basis voort as fondsinsameling soos die vorige jare nie, **die wat graag die dag saam met ons wil geniet, is welkom om 'n 4-bal in te skryf. Kontak asb vir Andre du Plessis (082 974 9559).**

## *Advertensies*





*Agapanthus Guest House:*
*Oop vir noodsaaklike dienste!*

### Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,400.00 per dag.


## EREDIENSTE: LEES HIER!

Vanaf Vlak 1 vd inperking mag ons 50% van ons spasie in die kerk gebruik, dit beteken dat ons 125 mense per diens mag wees, terwyl ons steeds 'n veilige afstand van mekaar is. Dus: **NOU IS DIE TYD OM WEER KERK TOE TE KOM!** Ons sien uit om julle weer hier te hê! Dit gaan steeds nodig wees om die nodige regulasies te handhaaf (veilige afstand, maskers en temperatuur). Omdat daar meer as genoeg plek is in die kerk vir ons lidmate, sal julle name net by die deur afgemerk word met jul temperatuur. Dus hoef julle nie vir Sondagdienste meer voor die tyd te bespreek nie.